



Die Fontein

Weekblad

18 Oktober 2026

*Ligdraers in die wêreld –
wat Christus aanbid, Hom bely,
vir Hom getuig en in liefde ander dien!*

Student Ammi Pelser Oggenderediens - 08:30

Oggend: **Vertrou God wat voorsien met alles
en leef uit Sy genadige belofte.**

Skriflesing: Genesis 22:1-19

Ds. Pieter Kurpershoek Aanderediens - 18:30

Aand: **Die engele ... en ons!**

Skriflesing: Genesis 6:1-4; Jesaja 6:1-7; Psalm 91

Belydenis: NGB, Artikel 12

[Klik hier vir die volledige liturgie.](#)

Kollektes

Banke: *Diakonale sorg*
Deure: *Teologiese Studente*
Hulpfonds

Teeskink

Geen vanweë die
gemeentekamp

Katkisasie & Kleuterbediening

Gaan voort vanoggend.

Oggenderediens uitsending: 18 Oktober

Neem asb. kennis dat vanoggend se erediens vanaf die gemeentekamp op YouTube uitgesaai sal word. Daar sal egter ook soos gebruikelik 'n erediens in die kerkgebou plaasvind.

Aflos-orreliste: 18 Oktober

Ons sê baie dankie aan br. Jan van Zyl wat ons vanoggend en ook vir sr. Linda Petrick wat ons vanaand met die orrel gaan begelei!

Bevestiging van ouderling

Jean-Louis Els word tydens vanaand se erediens bevestig in die amp van ouderling. Ons bid hom die Here se seën, wysheid en leiding toe vir die roeping en sy dienswerk in die gemeente.

Hervormingsondag: 25 Oktober

Grace Reformed Church gemeente nooi almal hartlik uit na die gesamentlike Hervormingsondagdiens om **18:00** in ons kerkgebou. Die diens sal in die plek van ons gewone 18:30-aanddiens wees en sal in Engels waargeneem word. Na die diens kuier ons lekker saam met heerlike verversings, koffie en tee. Almal is hartlik welkom!

Lief en leed: Verjaarsdae

Du Plessis	Lina	1	19 Okt.
Dormehl	Rochelle	49	20 Okt.
Roos	Sussie	12	23 Okt.
Schoeman	Johan	27	23 Okt.

Gebeure vir die week

So. 18 Okt.	07:45	Gebedsgroep / Klaslokaal #4
	08:30	Erediens / Kerkgebou
	09:45	Katkisasie / Klaslokale
	18:30	Erediens / Kerkgebou
Ma. 19 Okt.	19:00	Bybelstudie: G-roep / Koffiekroeg
Di. 20 Okt.	10:00	Speletjies / Kerkzaal
	18:30	Bybelstudie: Laerskool / Zoom
Wo. 21 Okt.	18:30	Vergadering: Kerkraad & Diaconie / Kerkgebou
Do. 22 Okt.	18:30	Bybelstudie: Jong-werkendes / Koffiekroeg

Survivor-aand: 30 Oktober 2026

Kom geniet 'n aand vol uitdagings en pret om te sien watter span bo uitkom! As jy dit graag wil bywoon, klik [hier om die Googlevorm](#) in te vul! Ouers is ook welkom om saam by die vuur te kuier. Daar sal worsbroodjies voorsien word!

Lief en leed: Siekes en Meelewing

Graag bid ons vir:

- * Elkeen van ons lidmate wat op langtermyn fisies en emosioneel met hul gesondheid worstel.
- * Sr. Leonora Mösz (W7) wat in die hospitaal is.
- * Sr. Marie van Niekerk (W11) wat in die hospitaal is.
- * Br. Johan van der Walt (W11) wat vir toetse gaan.
- * Sr. Annatjie Myburg (W17) wat tuis herstel.
- * Br. Gert Britz (W26) wat herstel na sy operasie.

Ons bid ook vir:

- * Sr. Frances Badenhorst (W30) wie se broer oorlede is. Ons bid dat julle as familie in hierdie tyd die troos, genade en nabyheid van ons Hemelse Vader sal ervaar.

Ontbytsake vir ons bo-sewentigers

Ons nooi al ons seniorlidmate bo 70 jaar uit na 'n heerlike laatontbyt.

- **Wanneer:** Saterdag, 7 November 2026
- **Waar:** In die kerkzaal
- **Hoe laat:** 10:00
- **Wat moet jy maak?** Opdaag, so sien julle daar!